

# Graad 6: Die Omgeespan

## Kwartaal 3: Week 1-4

Spanlede: \_\_\_\_\_

**Missie:** Hoe kan die Gemeenskapsomgeespan 'n groep in nood identifiseer, hul uitdagings skerp en met spanwerk aanpak, en ons ervaring met ons vriende deel.

**Hou boek van hoe julle vorder. Merk aan die einde van elke stap die blokkie as jy tevrede is.**

Les en datum	Wat doen ek?	Regmerkie
<b>Les 1:</b> Datum: _____	<b>Welkom by die Omgeespan!</b> In hierdie prettige les gaan julle 'n groep of individu kies om te help en 'n lys vrae opstel vir onderhoude om meer oor hulle uit te vind.	
<b>Les 2:</b> Datum: _____	<b>Tyd vir onderhoude!</b> Gesels met die groep, individu of dieregroep wat gekies is om uit te vind wat hulle nodig het en hoe julle kan help.	
<b>Les 3:</b> Datum: _____	<b>Kom ons ontleed die inligting uit die onderhoude!</b> Delf in die detail wat julle ingesamel het om uit te vind wat die meeste saak maak.	
<b>Les 4:</b> Datum: _____	<b>Raak kreatief met goeie dade!</b> Hou 'n dinkskrum vir idees oor julle spesiale goeie daad en kies die bestes om uit te voer.	
<b>Les 5:</b> Datum: _____	<b>Vorbereidingstyd!</b> Kry alles reg vir julle goeie daad – maak iets, doen navorsing of beplan.	
<b>Les 6:</b> Datum: _____	<b>Goeie daad in aksie!</b> Voer julle goeie daad uit en maak 'n verskil in iemand se lewe.	
<b>Les 7:</b> Datum: _____	<b>Tyd om na te dink!</b> Dink oor jou ondervinding en wat jy geleer het oor die behoeftes en stryd van die gekose groep, empatie, en hoe om te wys dat jy vir ander omgee.	
<b>Les 8:</b> Datum: _____	<b>Deel jou reis!</b> Lê jou plakkaat, boekie, storieboek, liedjie, of toneelstukkie aan die klas voor en voltooi die selfnadenke om jou besondere avontuur met omgee af te sluit.	

**3** ENTREPRENEURSHIP  
EMPLOYABILITY  
EDUCATION



Jou onderwyser sal vir jou hierdie voorlees of julle kan in julle groepie hardop lees.

- Hallo daar! Hierdie is 'n projek waar jy en jou vriende saamwerk op 'n reis om empatie, omgee, en welwillendheid teenoor ander en diere in jul gemeenskap te bevorder.
- Om dit reg te kry, sal jy goed met jou vriende moet kommunikeer, onderhoude met verskillende groepe mense moet voer, en op die internet moet rondsoek vir aktiwiteite wat omgee vir mense of diere in jou gemeenskap of skool behels.
- Nadat julle 'n groep mense of diere gekies het wat hulp nodig het, en om meer oor die behoeftes en uitdagings van hierdie groep of individu uit te vind, sal jy jou kennis van jou omgegroepe op opwindende en kreatiewe maniere ten toon kan stel.
- Jy sal ook verskillende soorte dinkvaardighede kan oefen, soos om inligting te onthou, nuwe idees te verstaan, en probleme op te los.
- Op die ou end sal jy aanbied wat jy geleer het.
- Wanneer jy die werkblaai invul, kyk asseblief na die prentjie aan die linkerkant, want elkeen beteken iets anders oor hoe julle te werk sal gaan.



**Doen dit op jou eie**



**Doen dit twee-twee**



**Doen dit in klein groepies**

## Geniet dit, en wees goeiehartig!



In groepe:

Lees onderstaande scenario oor “Gemeenskapsomgeespan” en beantwoord die vrae wat volg:

## Scenario:

Jy en jou vriende leef in 'n diverse gemeenskap met mense wat verskeie uitdagings in die gesig staar. As 'n span jong leerders wat omgee, besluit julle om 'n groep met die naam “Gemeenskapsomgeespan” te vorm. Jul doelwit is om meer uit te vind oor die unieke uitdagings wat 'n spesifieke groep mense of diere in jul gemeenskap of skool moet hanteer, en 'n manier te kry om hulp aan te bied of 'n goeie daad te verrig.

Uit ongetitelde bron afgelei

1. Gaan na die tabel op die voorblad van die projek en vind die hoofmissie vir die Gemeenskapsomgeespan.
2. Skryf die missie in die blokkie neer, en skryf op velle papier dinge neer wat julle kan doen om 'n persoon of dier in nood te help. Gee dit vir jul onderwyser om op 'n projekmuur vas te steek.

## Ons Missie:

---

---

---

---

## Logo:

# Les 1: Werkblad 1



In groepe : Skryf die Missie of “Groot Vraag” in die heel binneste sirkel.

Skryf sleutelwoorde wat help om die probleem in die Missie op te los in die groot sirkel rondom die kleiner sirkel.

Verwysingsraamwerk:  
Hoe weet ek hierdie  
inligting?



Heg die missie en die idees in die ysbrekerakwiteit teen die muur vas om die onderwerp bekend te stel, bv om goeie ervarings van welwillendheid in of buite die klaskamer te deel.

Verduidelik die dryfvraag (die Span se Missie). Gaan na bladsy 7 in die Projekoorisig.


Hierdie aktiviteit gaan oor kommunikasie en aktiveer sosiale interaksie en doelstelling in **S** **P** **E** **C** **I** **A** **L**.  
Probeer waarnemingsnotas oor kommunikasie maak.



## Dinkskrum oor onderhoudvrae

**Doen navorsing** oor die behoeftes van die gemeenskap, diere of individue wat julle gekies het deur eers 'n lys onderhoudvrae op te stel. Die span sal 'n paar vrae moet uitdink om vir die gemeenskapgroep te vra.

**Skryf die groep wat gekies is (bv. die DBV) in die middelste dinkskrumborrel en die onderhoudvrae rondom die hoofborrel (in die middel).**



Navorsingsvrae word uitgedink (bladsy 8 en 9 inn die Projektoersig).

Luister na die gesprekke en neem kritiese denke en kreatiwiteit waar.

Die volgende word geaktiveer **S** **P** **E** **C** **I** **A** **L**



## Kritiese Denke en Kommunikasie: Onderhoud

Voer onderhoude as 'n groep. Onthou die rolle en verantwoordelikhede in die groep, en maak notas. Jou span sal dié notas nodig hê wanneer inligting uit die onderhoud ontleed word.

Berei 'n onderhoud voor met 3 mense uit jul gekose groep, individue of diereversorgers en vind meer uit oor die behoeftes en uitdagings van hierdie groep of individu.

Vul die name van die mense in waarmee julle die onderhoud voer:

Persoon 1: \_\_\_\_\_

Persoon 2: \_\_\_\_\_

Persoon 3: \_\_\_\_\_

Gebruik die tabel hieronder om onderhoudsvrae en dan antwoorde in die volgende kolom in te vul. Kies 5 vrae uit die dinkskrumborrels.

Onderhoudsvrae	Onderhoudantwoorde
1.	Persoon 1: _____ Persoon 2: _____ Persoon 3: _____
2.	Persoon 1: _____ Persoon 2: _____ Persoon 3: _____
3.	Persoon 1: _____ Persoon 2: _____ Persoon 3: _____
4.	Persoon 1: _____ Persoon 2: _____ Persoon 3: _____
5.	Persoon 1: _____ Persoon 2: _____ Persoon 3: _____



Die volgende word geoefen: aktiewe luister en empatie terwyl leerders die probleme probeer verstaan (gaan na bladsy 11 in die Projektoersig). Leerders kan hul werkboeke gebruik as daar te min spasie is.

Die volgende word geaktiveer **S** **P** **E** **C** **I** **A** **L**



Werk in groepe en ontleed die inligting uit die onderhoude.

1. Na ons onderhoude het ons geleer dat dié belangrikste goed is wat saakmaak:


2. Kleur nou die reël in wat vir die groep die heel belangrikste is. Het die onderhoud verloop soos wat jy verwag het? Verduidelik:




Gaan na bladsy 13 in die Projekoorsig


Leerders ontleed die inligting en kies 'n realistiese oplossing.

Die volgende word geaktiveer

## Les 4: Werkblad 1: Dinkskrum oor Idees: Goedhartige Dade



In groepe, hou 'n dinkskrum om goeheartige dade te genereer.



### Voorbeelde van gratis goeheartige dade vir bejaardes

- Besoek bejaardes en gesels met hulle.
- Skryf briewe of kaartjies en stuur dit aan 'n bejaarde wat jy ken.
- Lees boeke vir bejaardes voor.
- Speel speletjies met bejaardes.



Gaan na bladsy 15 in die Projekoorsig.

Leerders neem uitdagings wat hulle geïdentifiseer het en dink aan verskillende goeheartige dade.

Die volgende word geaktiveer © P E C T A L

## Les 5: Werkblad 1



Jou span moet voorberei vir jul omgeemissie. Beplan in onderstaande ruimte hoe dit op die dag sal verloop.

Wat?	Wie?
Wat moet ons koop/skool toe bring om voor te berei?  1. _____ 2. _____ 3. _____ 4. _____ 5. _____	Wie gaan wat doen?  1. _____ 2. _____ 3. _____ 4. _____ 5. _____
Wie gaan ons op missie neem?	
Wie gaan die groep waarvoor ons gesorg het, bedank?	
Enige iets anders wat gedoen moet word?	



Gaan na bladsy 17 en 18 in die Projekoorsig.

Leerders beplan. Gaan hulle iets maak, of kaartjies skryf? Gaan hulle blomme pluk?

©©© C I A L en samewerking word geaktiveer, asook kritiese denke en kommunikasie.

## Les 6: Werkblad 1: Wat ons gedoen het (huiswerk)



Skryf op jou eie 'n kort briefie of WhatsApp om jou onderwyser/es vir die heerlike dag te bedank.

Beste,

---

---

Dankie vir

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

Ek het dit regtig geniet om

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

Ek het oor myself geleer dat

---

---

---

---

Ek is

en

---

---

---

---

---

---

---

---

Jou naam

---



Gaan na bladsy 21 en 22 in die Projektoersig.

Leeders gaan uit of die kwesbare groep kom skool toe. Na die dag skryf elkeen 'n kort verslag (sien volgende werkblad). Hierdie brief is 'n aktiviteit vir nadenke as huiswerk.

Kommunikasie, samewerking, kritiese denke word geaktiveer, asook © P E C I A L.

## Les 7: Werkblad 1



### Openbare aanbieding: Orden inligting vir finale produk.



Die templaot word deur die leerder ingevul vir selfnadenke oor die ondervinding van die reis met die projek en nadat projekidees met ander gedeel is.

Dink aan wat jy in hierdie projek gedoen het, en hoe goed dit gegaan het. Skryf jou kommentaar hieronder neer.	
Jou Naam:	
Projeknaam:	
Wat was die Dryfvraag?	
Jou antwoord op die Dryfvraag?	
Wat het jy geleer oor samewerking met ander mense?	
Wat het gewerk/wat het jy geniet?	
Wat wil jy verbeter wanneer jy met ander mense werk?	
Hoe kan jou onderwyser(s) en/of onderwyseres(se) hierdie projek verander om dit volgende keer beter te maak?	

GROOTTOTAAL: 30 PUNTE



Kriteria	Uitstekend (5 punte)	Goed (4 punte)	Bevredigend (3 punte)	Kan beter (2 punte)	Swak (1 punt)	Punte
<b>Begrip van Behoeftes</b>	Toon omvattende begrip van die gekose groep/ individu se behoeftes. Identifiseer en verduidelik sleutelbehoefte akkuraat.	Toon goeie begrip van die behoeftes. Daar kan geringe onakkuraathede wees.	Toon basiese begrip van die behoeftes. 'n Paar sleutelbehoefte ontbreek of word onakkuraat verduidelik.	Toon beperkte begrip van die behoeftes. Verskeie sleutelbehoefte ontbreek of word onakkuraat verduidelik.	Begrip van die behoeftes ontbreek. Die meeste sleutelbehoefte ontbreek of word onakkuraat verduidelik.	/5
<b>Onderhoudvrae</b>	Skep insigvolle en relevante onderhoudvrae wat die behoeftes en ondervindings van die groep/ individu deeglik ondersoek.	Ontwikkel relevante onderhoudvrae wat die behoeftes en ondervindings voldoende ondersoek.	Genereer basiese onderhoudvrae. Party vrae kan moontlik nie die behoeftes en ondervindings ten volle ondersoek nie.	Skep beperkte onderhoudvrae. Talle vrae ondersoek nie ten volle die behoeftes en ondervindings nie.	Lewer swak onderhoudvrae. Vrae ondersoek nie die behoeftes en ondervindings nie.	/5
<b>Data-ontleding</b>	Ontleed onderhoud-inligting deeglik. Identifiseer belangrike details akkuraat en prioritiseer behoeftes.	Ontleed onderhoud-inligting goed. Identifiseer en prioritiseer die meeste belangrike details.	Bied 'n basiese ontleding van onderhoud-inligting. Sommige belangrike details word moontlik misgekyk.	Toon beperkte ontleding van onderhoud-inligting. Verskeie belangrike details word misgekyk.	Bied swak ontleding van onderhoud-inligting. Die meeste belangrike details word misgekyk.	/5



Kriteria	Uitstekend (5 punte)	Goed (4 punte)	Bevredigend (3 punte)	Kan beter (2 punte)	Swak (1 punt)	Punte
<b>Skeppendheid in Goedhartige Dade</b>	Stel uiters kreatiewe en impakvolle goedhartige daade voor. Idees is innoverend en deurdag gekies om die geïdentifiseerde behoeftes aan te spreek.	Stel kreatiewe en impakvolle goedhartige daade voor. Idees is deurdag en spreek die meeste van die geïdentifiseerde behoeftes aan.	Stel basiese goedhartige daade voor. Idees is standaard en spreek sommige van die geïdentifiseerde behoeftes aan.	Toon beperkte kreatiwiteit met voorstelle vir goedhartige daade. Idees is nie baie innoverend nie en spreek min van die geïdentifiseerde behoeftes aan.	Kreatiwiteit ontbreek by voorstelle vir goedhartige daade. Idees is nie innoverend nie en spreek nie die geïdentifiseerde behoeftes aan nie.	/5
<b>Vorbereiding en Beplanning</b>	Berei deeglik voor vir die goedhartige daad. Beplanning is gedetailleerd, prakties, en veresker suksesvolle implementering.	Berei goed voor vir die goedhartige daad. Beplanning is voldoende en prakties.	Voorsien basiese beplanning vir die goedhartige daad. Beplanning is ietwat prakties maar detail ontbreek.	Toon beperkte voorbereiding vir die goedhartige daad. Beplanning is nie baie prakties nie en detail ontbreek.	Lewer swak voorbereiding vir die goedhartige daad. Beplanning is onprakties en detail ontbreek.	/5
<b>Implementering van Goedhartige Daad</b>	Voer die goedhartige daad doeltreffend uit. Maak 'n beduidende positiewe impak op die gekose groep/individu.	Voer die goedhartige daad goed uit. Maak 'n positiewe impak om die gekose groep/individu.	Voer die goedhartige daad voldoende uit. Maak 'n mate van positiewe impak op die gekose groep/individu.	Voer die goedhartige daad met beperkte doeltreffendheid uit. Maak 'n minimale positiewe impak op die gekose groep/individu.	Voer die goedhartige daad swak uit. Maak min of geen positiewe impak op die gekose groep/individu.	/5
<b>Totale Punte</b>						<b>/30</b>



Les 1: Welkom by die Omgeespan			
	Beskrywers vir Onderwyser se Kontrolelys:	Ja	Nee
1.	Het die leerders 'n groep of individu gekies om te help?		
2.	Het die leerders 'n lys onderhoudvrae geskep?		
3.	Was die onderhoudvrae relevant en insiggewend?		
4.	Het die leerders begrip getoon van die groep of individu se behoeftes?		
<b>Totale Getal: (4)</b>			

Les 2: Onderhoudvoering			
	Beskrywers vir Onderwyser se Kontrolelys:	Ja	Nee
1.	Het die leerders onderhoude gevoer met die groep, individu, of diere-groep wat hulle gekies het?		
2.	Was die onderhoude deeglik en respekvol?		
3.	Het die leerders gedetailleerde en relevante inligting ingesamel?		
4.	Is die onderhoudproses goed gedokumenteer?		
<b>Totale Getal: (4)</b>			

Les 3: Ontleding van Onderhoudinligting			
	Beskrywers vir Onderwyser se Kontrolelys:	Ja	Nee
1.	Het die leerders die inligting uit onderhoude doeltreffend ontleed?		
2.	Is belangrike detail en behoeftes geïdentifiseer en geprioritiseer?		
3.	Het die leerders 'n opsomming van hul bevindings gemaak?		
4.	Was die ontleding logies en omvattend?		
<b>Totale Getal: (4)</b>			

Les 4: Dinkskrum oor Goedhartige Dade			
	Beskrywers vir Onderwyser se Kontrolelys:	Ja	Nee
1.	Het die leerders 'n dinkskrum gehou oor 'n kreatiewe en impakvolle goedhartige daad?		
2.	Was die idees toepaslik vir die behoeftes wat geïdentifiseer is?		
3.	Het die leerders die beste idees vir hul goedhartige werk gekies?		
4.	Was die dinkskrumproses samewerkend en produktief?		
<b>Totale Getal: (4)</b>			



Les 5: Voorbereiding vir Goedhartige Dade			
	Beskrywers vir Onderwyser se Kontrolelys:	Ja	Nee
1.	Het die leerders deeglik voorberei vir hul goedhartige daad?		
2.	Is al die nodige materiaal en hulpbronne ingesamel?		
3.	Was die beplanning in detail en prakties?		
4.	Het die leerders gereedheid vir implementering getoon?		
<b>Totale Getal: (4)</b>			

Les 6: Implementeer Goedhartige Daad			
	Beskrywers vir Onderwyser se Kontrolelys:	Ja	Nee
1.	Het die leerders hul goedhartige daad doeltreffend uitgevoer?		
2.	Het die implementering glad verloop en was dit goed gekoördineer?		
3.	Het die goedhartige daad 'n beduidende positiewe impak gemaak?		
4.	Het die gekose groep/individu die poging waardeer?		
<b>Totale Getal: (4)</b>			

Les 7: Nadenke oor die Ondervinding			
	Beskrywers vir Onderwyser se Kontrolelys:	Ja	Nee
1.	Het die leerders diep oor hul ondervinding nagedink?		
2.	Is insigte oor empatie, behoeftes, en goedhartigheid bespreek?		
3.	Het die nadenke groei in begrip en vaardighede getoon?		
4.	Was die nadenke eerlik en omvattend?		
<b>Totale Getal: (4)</b>			

Les 8: Aanbieding van die Reis			
	Beskrywers vir Onderwyser se Kontrolelys:	Ja	Nee
1.	Het die leerdes hul reis kreatief en doeltreffend aangebied?		
2.	Is visuele hulpmiddels of opvoering gebruik om die aanbieding te verbeter?		
3.	Het die aanbieding die gehoor ingetrek en ingelig?		
4.	Is self-nadenke voltooi om die projek af te sluit?		
<b>Totale Getal: (4)</b>			



<b>Het die projek vir _____ (naam van leerder) gehelp om sy/haar vaardighede to ontwikkel?</b>	Ja	Nee
<p><b>Kritiese denke</b> is die vermoë om vrae te vra ten einde die wêreld beter te verstaan, om van inligting sin te maak, om die inligting te evalueer en om die inligting met ander inligting te verbind.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Was daar 'n verskil in die leerder se kritiese denkvaardighede aan die begin van die projek in vergelyking met sy/haar denke aan die einde?</li> <li>• Het die leerder vrae gevra?</li> <li>• Het die leerder relevante en toepaslike inligting verkry, geëvalueer en dit toegepas om 'n probleem op te los?</li> <li>• Kon jy agterkom dat die leerder se denkvaardighede ontwikkel het?</li> </ul> <p>KOMMENTAAR: Wat het jy nog waargeneem? _____</p> <p>_____</p>		
<p><b>Kreatiwiteit en Innowering</b> is die vermoë om veelvuldige idees te genereer en dit realisties toe te pas om oplossings vir probleme te vind</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Het die leerder se kreatiewe innowering gegroei deur die loop van die projek?</li> <li>• Was daar 'n verskil in die leerder se kreatiewe denkvaardighede aan die begin van die projek in vergelyking met sy/haar kreatiwiteit en innowering aan die einde?</li> <li>• Het die leerder idees genereer en oplossings gesoek?</li> <li>• Het die leerder sy/haar kennis en ondervinding aangewend om oplossings te vind?</li> <li>• Het jy 'n verskil in die leerder se kreatiewe innoweringsvaardighede waargeneem?</li> </ul> <p>KOMMENTAAR: Wat het jy nog waargeneem? _____</p> <p>_____</p>		
<p><b>Samewerking:</b> is wanneer mense saamwerk om 'n taak te voltooi. Dit sluit die volgende in: samewerking en spanwerk en die deel van idees om 'n gemeenskaplike doelwit te bereik.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Het die leerder sy/haar vermoë om met ander saam te werk deur die loop van die projek ontwikkel? Was daar 'n verskil in sy/haar samewerking as jy die begin en die einde van die projek vergelyk?</li> <li>• Het die leerder bewys gelewer van 'n vermoë om te skik, om ander se menings in ag te neem en om positief te bly in 'n konfliktsituasie?</li> <li>• Het die leerder by die sterkpunte van ander gebaat? (Het die span hulle hulpbronne in terme van kennis en vaardighede saamgevoeg?)</li> <li>• Was die leerder gewillig om te luister, empatie te toon en om nuttige terugvoer te gee en van die span te ontvang?</li> <li>• Het die leerder se samewerkingsvaardighede toegeneem?</li> </ul> <p>KOMMENTAAR: Wat het jy nog waargeneem? _____</p> <p>_____</p>		
<p><b>Kommunikasie:</b> is die uitdeel van inligting. Dit sluit in wat ons sê, (verbale kommunikasie) asook hoe ons dit sê (nie-verbale kommunikasie).</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Het die leerder sy/haar vermoë om nie-verbale leidrade soos stemtoon en lyftaal te gebruik deur die loop van die projek ontwikkel?</li> <li>• Was daar 'n verskil in hoe die leerder gekommunikeer het aan die begin van die projek in vergelyking met sy/haar kommunikasie aan die einde van die projek, bv. minder gemompel, 'n toepaslike stemtoon gebruik, teen die regte spoed gepraat?</li> <li>• Het jy 'n verandering waargeneem in die leerder se vermoë om dinge uit 'n ander persoon se perspektief te sien?</li> </ul> <p>KOMMENTAAR: Wat het jy nog waargeneem? _____</p> <p>_____</p>		